**6 Januarie**

## Vreugde in God se diens

**Skrifgedeelte: Jesaja 11 – 12**
**Fokusgedeelte: Jesaja 12:3-6**

Jesaja 11 kyk weer vooruit na die herstel wat God vir sy volk sal bring. Dit kom op ’n heel onopsigtelike wyse, deur ’n takkie uit die stomp van Isai. Die stomp simboliseer die oordeel: die boom is afgekap en net die stomp het oorgebly. Tog kom daar weer lewe – dit is die begin van ’n tyd van vrede. Vrede sal tussen mense asook in die natuur heers. Die volk sal uit die ballingskap terugkeer en vrede sal tussen die oorblyfsels van die ryke van Israel en Juda heers.

Hierdie herstel sal by God se kinders groot vreugde verwek. Hulle sal besef dat die Here se toorn verby is en dat ’n nuwe tyd van genade nou aangebreek het. Omdat God hulle gered het, kan hulle weer veilig voel. Die vreugde sal daarop uitloop dat hulle openlik voor al die ander volke van die genade van die Here sal getuig. Hulle sal onder die indruk wees van die groot dade wat die Here gedoen het. Hulle sal veral bly wees, omdat die Here weer in hulle midde is. Hulle sal Hom as die Heilige van Israel erken, die Een wat oordeel oor wat verkeerd is, maar wat ook sy kinders bewaar.

Beleef ons dié besondere vreugde wanneer ons besef dat ons God se kinders is? Bring dit ons elke dag daartoe om te getuig van die groot dinge wat God vir ons gedoen het? In Christus is Hy ons God en Vader. In Christus is ons elke dag onder sy sorg.

*Sing: Psalm 122:1, 2*

*Prof. HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*